# GRAAD 2
# Lewensvaardigheid

## Kwartaal 3



Naam:

# Waarom is grond vir ons belangrik?




- Mense het grond nodig om te leef. Ons bou ons huise op grond en ons kweek plante om te eet in die grond.
- Diertjies het ook die grond nodig. Bokke en beeste eet gras en ander plante wat in die grond groei. Sommige klein diertjies, soos hase en muise, asook insekte soos miere en wurms, leef in die grond.
- Plante het grond nodig om te groei.

## Daar is 3 verskillende tipes grond:

## 1 Sandgrond




As jy 'n handvol van hierdie grond tussen jou vingers vryf, sal jy voel dat dit hard, droog en sanderig is. Dit kan maklik deur die wind weggewaai word.
As jy water oor sandgrond laat loop, sal jy sien dat die water vinnig daaroor vloei en sommige van die sand wegdra. Die grond is lig van kleur en plante groei nie maklik daarin nie.



## 2 Kleigrond





Sommige grondsoorte voel soos klei. Wanneer jy dit natmaak, kleef die gronddeeltjies aan mekaar vas. 'n Mens kan allerhande dinge met nat klei maak, soos koppies en bakke en kleidiertjies, maar dit is moeilik om plante in klei te kweek. Wanneer dit reën, hou klei die water lank vas. Dit beteken dat die plante wat daarin groei, te lank in die water staan.

## 3 Leemgrond






Leemgrond is die beste grond om saad of jong plantjies in te kweek. Dit word nie te nat of te droog nie, en dit bevat genoeg voedingstowwe om plante te laat groei. Leemgrond is soos 'n mengsel van sandgrond en kleigrond, maar dit is gewoonlik donkerder van kleur.

# Ondersoek verskillende tipes grond

## Instruksies



- Loop saam met jou klas op die skoolterrein rond en kyk of jy sandgrond, kleigrond en leemgrond kan kry.
- Bring die grond in 3 blikkies, sakkies of koppies klas toe. (Bring van die huis af)
- Nommer die houers sandgrond, kleigrond en leemgrond.
- Voltooi die tabel.


| Tipe grond | Hoe voel dit (Kleur die antwoord in) | | | Hoe lyk die grond? | Was daar plantegroei? |
|---|---|---|---|---|---|
| | droog | nat en taai | krummelrig | | |
| | droog | nat en taai | krummelrig | | |
| | droog | nat en taai | krummelrig | | |

Teken 'n prent van leemgrond, kleigrond en sandgrond

| leemgrond | kleigrond | sandgrond |
|---|---|---|
| | | |

# Die belangrikheid van grond

Daar is baie diere wat in grond leef.












Kyk na die prente en skryf neer watter diere in grond leef.
Skryf ook nog diere neer waaraan jy kan dink, teken hulle dan by op die prent.

| | |
|---|---|
| | |
| | |
| | |

# Teksture


Hoe voel die volgende voorwerpe?

sag grof hard glad

| | | |
|---|---|---|
|  rots |  kat |  grond |
| | | |
|  perd |  boombas |  appel |
| | | |
|  glas |  pynappel |  trui |
| | | |

# Bogrond

Die belangrikste deel van grond vir mense en diere is die bogrond. Dit is die grond waarin plante groei. Die wortels van plante keer dat die wind en reën die bogrond wegwaai en wegspoel. Plante vrek as dit te min reën of as brande die plante vernietig. Hulle gaan ook dood van te veel reën. As daar geen plante groei nie, word die bogrond deur reënwater weggespoel of deur die wind weggewaai. Ons noem dit erosie. Mense veroorsaak ook gronderosie. Indien ons nie die grond versorg nie, kan die grond nie die plante wat daarin groei, voed nie, en dan begin die plante doodgaan. As gevolg daarvan word grond weggespoel of weggewaai.




Kleur die laag bruin in.

# Erosie


Kyk na die prente. Besluit of die erosie deur water(reën) of wind veroorsaak is. Kleur die regte prent in.




| |
|---|
| water/ reën |
| wind |




| |
|---|
| water/ reën |
| wind |




| |
|---|
| water/ reën |
| wind |



| |
|---|
| water/ reën |
| wind |



| |
|---|
| water/ reën |
| wind |



| |
|---|
| water/ reën |
| wind |

Bome en plante kry hulle kos uit die grond. Wanneer verskillende soorte bome en plante saam groei, neem hulle verskillende soorte kos uit die grond op en bly die grond gesond.


Wanneer 'n boer net een soort gewas verbou, soos mielies, word dieselfde plantkos deur al die plante gebruik en kan die grond nie gesond bly nie.

Boere kan hulle plaasgrond in 'n goeie toestand hou deur plante te kweek wat verskillende soorte voedsel uit die grond gebruik.

Ons kan die grond in ons tuin in 'n goeie toestand hou deur kompos daarby te voeg. Kompos verskaf voedingstowwe aan plante. Jy kan jou eie kompos maak deur die volgende te gebruik:

## Kompos






vrugteskille en groenteskille




teesakkie



opgeskeurde papier



dooie blare en gras





eierdoppe


## Kleur die prente op die volgende maniere in:


Items wat 'n mens gebruik om kompos te maak. **pers**

Items wat nie goed is om kompos mee te maak nie. **groen**






















# Hoe plant mens saad?


Wat benodig 'n plant om te groei?



Almal help om die saad te plant. Nommer die prente in die regte volgorde.



Nommer die prente om te wys hoe die saadjie groei.











# Vervoer op land
# Padvervoer

Ons gebruik verskillende soorte vervoer om van een plek na 'n ander te beweeg en om goed van een plek na 'n ander te vervoer. Daar is baie verskillende soorte vervoer. Die meeste van ons reis per land op paaie, spoorweë en voetpaaie. Ons gebruik ook voertuie soos vragmotors en treine om goed per land te vervoer

Verbind die prente van die padvervoermiddels met die regte woord.

- bus
- donkiekar
- motorfiets
- taxi
- motor
- fiets
- bromponie
- vragmotor

# Verskillende paaie

'n Mens kry verskillende soorte paaie, byvoorbeeld:


• grondpaaie


• teerpaaie.

Party van die paaie wat stede met mekaar verbind, is twee maal breër as ander paaie. Ons noem dit hoofweë, en omdat daar twee bane aan elke kant is, kan dit vier bane verkeer dra, soms meer.

'n Deurpad is soos 'n hoofweg, maar die twee dele van die pad is van mekaar geskei. Aan elke kant van die pad kan 'n mens net in een rigting ry.

teerpaaie





grondpad



# Spoorvervoer


Padvervoer is nie al manier waarop ons op land kan reis nie. Ons kan ook van spoorweë gebruik maak.

Spoorweë is bane wat van stukke metaal gemaak is. Dit word spoorlyne genoem. Treine beweeg op hierdie spoorlyne. Hulle dra mense en dinge van een dorp na 'n ander. 'n Trein kan baie meer mense as 'n motor of 'n bus vervoer. Dit kan ook swaarder en meer dinge as 'n vragmotor vervoer.



## Passasierstrein

'n Trein wat mense vervoer, word 'n passasierstrein genoem.




## Goederetrein

'n Trein wat voorwerpe vervoer, word 'n goederetrein genoem.


## 'n Elektriese trein

Dit gebruik elektrisiteit as energiebron. Die elektrisiteit kom van kragkabels bo die spoorlyn.




## 'n Sneltrein

Dit is 'n baie vinnige elektriese trein wat tot 200 km per uur kan reis. Suid-Afrika se eerste sneltrein is die Gautrein.




## Dieseltrein

Dit gebruik diesel as 'n energiebron.




## 'n Stoomtrein

Dit gebruik stoom as 'n energiebron.




# Lugvervoer


Daar is verskillende tipes lugvervoer. Daar is vliegtuie, helikopters, warmlugballonne, sweeftuie en ruimteskepe. 'n Vliegtuig is baie vinniger as 'n trein en nog vinniger as 'n motor. Vliegtuie en helikopters het baie sterk enjins. Warmlugballonne en sweeftuie het glad nie enjins nie. Warmlugballonne beweeg met behulp van warm lug en sweeftuie het vlerke waarmee hulle deur die lug sweef. Mense gebruik warmlugballonne en sweeftuie vir die pret en vir sport. Ruimtereisigers besoek die ruimte in ruimteskepe.

Verbind die lugvervoermiddels met die regte woord.


helikopter




passasiersvliegtuig




warmlugballon



hangsweeftuig



vegvliegtuig




pendelruimtetuig




# Watervervoer

Die laaste soort vervoer is watervervoer. Mense gebruik al honderde jare lank watervervoer om van plek tot plek te beweeg of om dinge te vervoer. Ons reis oor die see om ander lande te besoek en ons gebruik riviere en mere om na ander plekke in ons eie land te reis.


duikboot




ou skip



roeiboot







passasierskip



motorboot


seilboot

# Watervervoer

Kleur die vervoermiddels op die volgende maniere in:

**rooi** – Vaartuig wat mense gebruik om op 'n klein rivier te vaar.

**blou** – Vaartuig wat mense gebruik om oor die see na 'n ander land te reis.



Treine gebruik verskillende soorte energie om te beweeg.

Bote gebruik ook verskillende soorte energie.



menslike energie


wind




diesel of petrol

stoom


Watter soort energie gebruik die volgende bote? Kleur die regte antwoord in.



| |
|---|
| wind |
| petrol |
| stoom |



| |
|---|
| diesel |
| menslike energie |
| stoom |



| |
|---|
| diesel |
| menslike energie |
| stoom |



| |
|---|
| wind |
| petrol |
| stoom |



| |
|---|
| stoom |
| wind |
| menslike energie |


# Vervoermiddels


Kleur die prente op die volgende maniere in.

rooi padvervoer


groen watervervoer

blou lugvervoer


























# Openbare vervoer

Openbare vervoer is vervoer wat enigiemand kan gebruik, maar 'n mens moet 'n kaartjie koop om dit te gebruik.


taxi



trein



bus



vliegtuig




1. Wat is openbare vervoer? ______________________________
______________________________

2. Met watter vervoer kom jy skool toe? ______________________________
______________________________





3. Watter soorte openbare vervoermiddels het jy al gebruik?
______________________________





# Vervoer



Knip die prente uit en plak dit in die regte kolom.

| Lugvervoer | Padvervoer | Watervervoer |
|---|---|---|
| | | |













# Padveiligheid

## Reëls vir voetgangers


- Voordat jy 'n straat oorsteek, moet jy altyd regs kyk, dan links en dan weer regs om seker te maak dat geen motors, fietse, taxi's of busse aankom nie.
- As 'n pad baie besig is, loop tot by 'n stopteken, of 'n verkeerslig of 'n sebra-oorgang en steek die pad daar oor – nie sommer op enige plek nie.
- As daar 'n sebra-oorgang of 'n skolierpatrollie is, gebruik dit. Dit is die veiligste plekke om 'n pad oor te steek.
- Moenie in die pad loop nie. Loop op die sypaadjie. As daar geen sypaadjie is nie, stap so ver as moontlik van die motors af. Stap altyd aan die regterkant van die pad, sodat jy die verkeer kan sien wat na jou toe aankom.
- Moenie speletjies naby 'n pad speel nie.
- Wees veral versigtig voordat jy die straat by 'n plek oorsteek waar motors by die straat indraai of afdraai.



# Reëls vir fietsryers

- Beplan hoe om te kom waar jy wil wees.
- Maak seker daar is niks met jou fiets verkeerd nie. Gaan die bande, die remme, die pedale, die ketting, die lig, die klokkie en die stuurhandvatsels na.
- As jy in die aand of in swak lig op jou fiets ry, moet jy 'n helder lig voor aan jou fiets en 'n glansende plakker agter aan jou fiets aanbring.
- Dra altyd 'n valhelm. Dit sal jou kop beskerm as jy dalk val of in 'n ongeluk betrokke is. 'n Helm kan jou lewe red.
- Ry sover moontlik op spesiale fietspaaie.
- Gebruik die veiligste roete en nie net die kortste roete nie.
- Gebruik die korrekte handseine duidelik wanneer jy draai.
- Moet nooit langs 'n ander fietsryer ry nie – ry altyd agter mekaar.
- Moet nooit fietstoertjies probeer wanneer daar verkeer op die pad is nie.




# Verkeersligte

1. Watter 3 kleure is 'n verkeerslig?

__________________

__________________

__________________



2. Waarvoor staan die 3 kleure?

____________________________________

____________________________________


____________________________________

3. Watter kleur is bo? __________________

4. Watter kleur is in die middel? ______________

5. Watter kleur is onder? ________________


Kleur die verkeersligte op die volgende maniere in:





# Verkeerstekens

Skryf die woorde in die blokke by die regte verkeersteken.

| | | | |
|---|---|---|---|
| stopstraat | voetgangers verbode | voetgangers hier toegelaat | kruising |
| geen toegang | biblioteek | Jy mag nie 'n motor verbysteek nie. | slegs voetgangers |










# Skolierpatrollie

Die skolierpatrollie help om die verkeer te stop sodat ons veilig oor die pad kan loop. Dit is nie veilig vir kinders om die pad alleen oor te steek nie.

Die skolierpatrollie help by die skool. Hulle dra helder geel of oranje baadjies sodat 'n mens hulle maklik kan sien. Hulle blaas 'n fluitjie om die verkeer te stop en hou dan 'n stop teken uit vir die verkeer om te wys hulle moet stop.




Beantwoord die volgende vrae:

1. Wat doen die skolierpatrollie? ______________________________
______________________________________________

2. Is dit veilig vir kinders om alleen die pad oor te steek? Hoekom sê jy so?
______________________________________________
______________________________________________

3. Hoekom dra die skolierpatrollie helder baadjies? ______________________________
______________________________________________


4. Hoe stop die skolierpatrollie die verkeer? ______________________________
______________________________________________

5. Is daar 'n skolierpatrollie by jou skool? ______________________________

# Verkeersbeampte

'n Verkeersbeampte sorg dat mense die verkeersreëls gehoorsaam.

Hulle hou padblokkades om te kyk dat jou lisensie reg is en of jou voertuig padwaardig is. Hulle stop ook mense wat te vinnig ry en hulle kry dan boetes.



Beantwoord die volgende vrae:


1. Watter tipe polisiebeampte word hierbo genoem? ______________________
2. Wat doen 'n verkeersbeampte? ______________________________________
______________________________________________________________
3. Hoekom stop 'n verkeersbeampte 'n mens by 'n padblokkade?
______________________________________________________________
______________________________________________________________
______________________________________________________________
4. Het 'n verkeersbeampte al jou ma of pa gestop?
Hoekom het hy julle gestop?
______________________________________________________________
______________________________________________________________

# Mense wat ons help

Skryf die woorde in die blokke by die regte prent.


bloemiste | brandbestryder | dokter | kleremaker

kok | onderwyser | haarkapper | skrywer



Verbind die soort beroep links met die korrekte woord regs.

| | |
|---|---|
| bloemiste | boek |
| kok | kos |
| dokter | skêr en hare |
| brandbestryder | blomme |
| onderwyser | medisyne |
| haarkapper | brandweerwa |
| kleremaker | klere |
| skrywer | leerders |



# Mense wat ons help

Plak die prente op die volgende bladsy langs die regte beskrywing.

Ek help mense in die biblioteek om boeke uit te neem of inligting te soek. Soms vertel ek vir kinders stories.

Ek hou van diere. Ek help diere wat siek is of wat seergekry het.

Ek bring jou pos van die poskantoor na jou posbus tuis.

Ek help jou as jy tandpyn het. Ek wys jou hoe jy jou tande moet versorg en gesond kan hou.

Ek help siek kinders en grootmense. Ek gee vir hulle medisyne en inspuitings sodat hulle beter kan word.

Ek maak seker dat die strate skoongehou word. Elke week kom haal ek jou vullis met die vulliswa.